

SUID-AFRIKA BENODIG 'N CHRISTELIKE ALTERNATIEF OP MARXISME
EN
NEO-MARXISME

Prof. P.G.W. du Plessis, Dekaan, Lettere en Wysbegeerte, RAU

Voorsitter, Koersvereniging

Voordag met opening van Koerskonferensie, 1985/01/25, PU vir CHO

ABSTRACT

In this opening paper of the Conference commemorating 50 years of the existence of KOERS the chairman places KOERS in perspective. He looks back to two generations of work done by Calvinist scholars and comes to the conclusion that an era representing a certain trend of thought has been brought to a close. Up to now KOERS has been a prophet and has had a function to fulfil as such. For the future, he warns that we should not in utopian fervour expect everything beautiful of our Calvinist conceptions. KOERS has entered a new phase of existence and we cannot end the critical dialogue with Marxism and Neo-Marxism with the placid observation that Marxism is by definition atheistic and humanistic and materialistic. In the present situation what is needed is not a hypocritical enlightenment versus an elitist post-enlightened attitude - we should rather strive to begin our renewals and self-criticism with a look at blessings and grace, which constitute the basis of life, and then employ humility, consideration, self-discipline, gratitude and love of the neighbour in creating a new lifestyle in which we can work toward peaceful co-existence in this country. Christian principles cannot be allowed to remain hanging in the sky but should be incarnated into daily attitudes and responses. A Christian alternative to wrong conditions means to make Marxism and Neo-Marxism redundant and barren in this country, and to fulfil our calling in God's world.

By hierdie geleentheid is dit figuurlik gesproke die kleinkinders van Koers se oorspronklike oprigters wat oor sy rigting vorentoe besin met 'n dankbare inagneming van die pad wat dusver afgelê is. Die lewensduur van 'n geslag word op sowat vyf-en-twintig jaar gestel. Met die viering van Koers se vyftigste bestaansjaar kyk ons nie net op die arbeid van twee generasies van Christendenkers terug nie, maar sluit ons ook 'n era met 'n bepaalde denktrant af.

Dusver was Koers 'n profeet wat die eensame tog van die gewaagde dink moes aanpak; skemas en stelsels en beginsels is geformuleer. In ou Koers-nommers kom dit uit in sulke formulerings soos die volgende: Koers strewe na beginsel en Skriftuurlike verankertheid; Koers-artikels werk aan die Calvinisme as 'n stelsel, 'n bolwerk, 'n grondslag, 'n denksistiem.

Die afgelope vyftig jaar het ook bewys dat al gou besef is dat Koers artikels moet plaas wat op Calvinistiese grondslag rigting wil aandui oor probleme van die alledaagse lewe in ons land. Terreine wat meestal gedek word, is die Opvoedkunde (resp. onderwysaangeleenthede); die Teologie (resp. kerklike en godsdienskwesties); Regsgeleerdheid, Staatsleer, Sosiologie, Ekonomie, Geskiedenis (resp. sosiaal-politiek-ekonomiese vraagstukke); letterkunde (resp. kunsvraagstukke) en natuurwetenskappe (resp. kwessies oor evolusie en skepping).

Breedweg gesproke is gewerk aan bevordering van die Calvinisme in 'n aantal vakgebiede maar ook oor 'n verskeidenheid praktiese kwessies, wo. politiek en onderwys sterk op die voorgrond kom. Koers was nog steeds gekompromitteer aan Gods Woord en aan die wêreld waarin ons leef, werk en speel. Hier pas 'n eresalut aan die Koers-redakteur en redaksielede wat die Calvinisme as belynde denke help uitbou het - ek dink veral aan proff. J. Chris Coetzee, L.J. du Plessis en H.G. Stoker. Gehoorsaamheid aan Gods Woord het ook beteken dat in die soeke na die betekenis van Gods Woord vir 'n goeie verstaan van die Natuur- en kultuurwêreld, 'n biblistiese verklaring van die werklikheid vermy moes word.

Die nuwe era voor ons vra dat ons nie utopisties alle heil van ons mooi Calvinistiese skemas sal verwag nie. Wanneer ons die Calvinisme ter wille

van homself en sy eie mensgemaakte suiwerheid beoefen, word dit scos n gewas van die gees wat alles om hom bevraagteken, behalwe homself. Dan leef Calvinisme in die waan dat hy in staat is om alle kwelvrae te beantwoord en om die mensdom van alle onheil te verlos. By geleentheid het ek hierdie neiging onder Christendenkers as 'n kultuuroptimisme bestempel: "Ons red nie die wêreld deur ons Calvinistiese organisasies nie. Selfs ons Christelike instellings moet daaglik gereformeer en vernuwe word ooreenkomstig tye en geleenthede van ons roeping. Elke Calvinistiese aksie moet n eskatalogiese perspektief behou en 'n utopiese oogmerk vermy. Ons mag nie ons tentpenne vir 'n mensgemaakte vaste woning verruil nie. Ons kan die status quo of bestaande orde in Suid-Afrika nie as duiwels afmaak nie. Dit is ook getuigenis van Gods gekome ryk. Ons kan ook nie by die bestaande orde bly stilstaan nie, want dit omvat nie die Koninkryk nie" (Koers, 43 (4), 1978 bl. 362).

Ook Christelike wetenskapsbeoefening is onvolmaak in die sin dat daar sondige tekortkominge aan vassit. Daarom is dit ons roeping om voortdurend te reformeer. Sowel die normatiewe as die dinamiese karakter van wetenskapsbeoefening illustreer dat ons nooit in 'n gegewe stadium die volle waarheid in pag het nie. Wie nie sy Calvinisme voortdurend bywerk en vernuwe nie, is kort voor lank nie meer in staat om tersaaklike antwoorde op aktuele vraagstukke te verskaf nie.

Waar ons voorgeslagte hulle geroepe geag het om hulle beginsels uit te bou, daar het talle sisteme, stelsels en selfs skemas ontstaan. Maar waar geen aksieprogramme vir die uitvoering van 'n stelsel bestaan nie, sak die Calvinisme makliker terug in stereotiepe slagspreuke of vroom frases. 'n Calvinisme wat hom slegs in sy fundamentele prinsipes, sy grondslag en sy doelstellings verheug, loop gevaar om 'n steriele ideologie te word wat van die werklikheid gespeen bly.

Gelukkig bevat die afgelope vyf dekades ook pragtige voorbeelde van 'n Calvinisme wat sy beginsels lyf wou gee. Koers wou nie 'n soort handboek in Calvinisme wees nie. Dat ons Christelike beginsels tog hierdie wêreld in die gesigsveld moet bring en juis nie 'n wereld- en mensvreemde aanpak mag openbaar nie, word duidelik uit talle artikels en redaksionele kommentare. Tien jaar gelede het Koers selfs begin werk aan 'n plan om

een nommer per jaar in Engels uit te gee "to communicate with Christian colleagues all over the world" (Koers, 39 (5/6), 1974).

Die handboek oor die beginsels van jag en van swem kan mens buite seisoen reeds magtig. Maar die toepassing daarvan met behulp van allerlei middele bring jou nader aan die praktyk met sy strategieë en wysigings en aanpassings en kompromieë en daaglikse mislukkings en vernuwingsstake. Die Christen moet ook 'n oop oog he vir die gebrokenheid en die relatiwiteit van sake in hierdie lewe.

Koers het 'n nuwe fase van sy bestaan binnegegaan. Ons stryd teen o.a. rasionalisme, relatiïsme en Marxisme is nie slegs 'n beginselstryd nie. Dit is ook 'n stryd op die gebied van die alledaagse lewenspraktyk waar ons die Christelike beginsels van byvoorbeeld naasteliefde en geregtigheid gestalte moet gee in die besoek aan die gevangenes, die oorhandiging van die beker koue water, die soep vir Soweto en 'n lewe in vrede met Marxistiese buurlande. Die oorbekende uitspraak van Marx dat hy sat is vir filosowe wat die wêreld op verskillende maniere interpreteer, en dat hy hom vir 'n verandering van die wêreld wil beywer, is ironies genoeg ook weer 'n besondere filosofiese interpretasie van die taak van filosowe en ander akademici. Nou kan ons op teoretiese vlak met Marxiste en Neo-Marxiste swaarde kruis; maar ons moet tog begryp dat hulle ons bestaande orde in die eerste plek vanuit die praktyk kritiseer. Ons kritiese dialoog met hulle sal nie kan eindig met die opmerking dat Marxisme per definisie ateïsties en humanisties en materialisties is nie. Want teenoor ons opmerking dat hulle anti-Christelik is, staan hulle waarneming dat die Christendom anti-menslik optree deurdadig dat die mens 'n "pie in die sky, by and by" beloof word. Daarom benodig Suid-Afrika ook op praktiese vlak 'n alternatief vir die Marxistiese klem op die praktiese verandering van die bestaande orde. Dit is my wens dat Koers ook hiertoe 'n bydrae sal lewer.

Maar om jou kennis van die beginsel van swem en jag toe te pas vra geld en tyd en organisasie en geduld en hande. Hier moet ek selfs die kritiese opmerking laat hoor dat Christenakademici met hulle onlangse byna afdreigende oproepe tot verandering in die Suid-Afrikaanse politieke bestel ook meer begrip moet toon vir die gekompliseerde regeertaak van owerhede wat al die goeie voornemens en hervormingsplanne met beperkte

finansiële middele, tekort aan deskundige mannekrag en met 'n horlosie wat dekades al op vyf voor twaalf gaan staan het, in werking moet probeer stel.

Sommige pleidooie dat ons van verligtheid moet wegkom, veronderstel dat die oplossing van ons lewensvraagstukke geleë is in die vanselfsprekende goeie assosiasies en regte keuses wat edele enkelinge sal maak die dag as alle diskriminerende wette en ongeregtigheid hulle nie meer verbied om sulke utopiese droombeelde te verwesenlik nie. Ek aanvaar dat u my reg verstaan. Juis omdat die lig van die evangelie ons vroom praatjies oor handhawing van ons eie identiteit as 'n egoïsme in skaapsklere ontmasker, glo ek ook nie aan onskuldige vrye assosiasies van die post-verligte mens nie. Nie 'n skynheilige verligtheid versus 'n elitistiese post-verligtheid pas ons in hierdie fase van ons geskiedenis nie, maar nederigheid teenoor medemense. Want om wet en orde en seëninge en geregtigheid in die lewe te hanteer vra nederigheid. En nederigheid begin met dankbaarheid.

Ons vernuwings en ons selfkritiek moet begin by die seëninge en genade, wat die basis van die lewe is. Ons bydrae tot 'n toekoms in vrede, vryheid en menswaardigheid is nie 'n saak van eiebelang nie. Selfonderhoud wat net die eiebelang en nie Suid-Afrika se gemeenskaplike belange wil dien nie, is tot mislukking gedoem. Om in jou beste belang te wil handel beteken ook om na die belang van ander te vra. Om 'n seën vir ander te wees, is ook 'n diens aan jou eie kultuur. Selfsug en eiebelang laat ons vergeet om oor die eenvoudigste en onontbeerlike grondwaardes van ons lewe met mekaar en met ander volkere gesprek te voer. Maar nederigheid, bedagsaamheid, selfdiscipline, dankbaarheid en naasteliefde is die begin van 'n nuwe lewenstyl waarin ons aan 'n vreedsame naasbestaan in ons land kan werk.

Die vraag bly steeds: Wat maak Christenmense in Suid-Afrika met die blye boodskap in die politiek, die onderwys, die arbeidsverhoudings? Steeds moet daarteen gewaak word om die Suid-Afrikaanse samelewing te idealiseer of selfs te ideologiseer. Hierdie gevaar bly 'n verleiding waar ons die intrede van die evangelie in ons besondere historiese situasie deur onder andere eiebelang teenstaan.

Die profetiese en op die praktyk gerigte denkrant wat Koers reeds 'n kwarteeu gelede hiervoor ingeslaan het, kom in die volgende gedagtes van prof L.J. du Plessis na vore toe hy kort voor republiekwording die pen opgeneem het: Selfbeskikking en selfontwikkeling is slegs middele tot internasionale samewerking. So help 'n volk die wereld ryp maak vir die volheid van die tye. "So deel dit op besondere wyse in die universele sin van die wêreldgeskiedenis; ... as die bepaalde volk faal om dit te doen, dan verdwyn sy historiese bestaansreg" (Koers, 27 (11), Mei 1960, bl. 315). En die volgende sinne klink asof dit uit 'n toespraak kort voor die onlangse referendum gesit is: "Al kan al die besonderhede dan nou nie reeds vasgelê word nie, is dit tog hoog tyd om altans te proklameer dat ons nou ons roeping aanvaar om baasskap te vervang deur broerskap tussen Boer, Brit en Bantoe en alle ras-elemente wat in Suid-Afrika tussen hulle ingevoeg is en op verdere afstand ook met die wat in Afrika noordwaarts buite hulle kring gevestig is ... Dit is die koers van ons nasionale roepingsvervulling wat natuurlik slegs trapsgewys verwesenlik kan word, maar nou reeds aangekondig en aangevang behoort te word, veral deur 'n koalisie met georganiseerde Engelssprekende republikeine; deur konsultasie met nie-blanke Suid-Afrikaanse vertrouensmanne ook wat nie in regeringsdiens staan nie (Ibid., bl. 317).

Nogmaals, ons Christelike beginsels mag nie in die lug hang nie, moet geïnkarneer word in ons daaglikse verhoudings met ons kinders, ons werkgewers, ons mede- swart Suid-Afrikaners. Maar die waarheid en geloofwaardigheid van ons beginsels word nie deur ons eie praktiese aksieprogramme gewaarborg nie. Die praktyk bied 'n kostelike ruimte vir die demonstrasie van die waarheid; dit is egter geen voorwaarde vir die egtheid van ons beginsels nie.

In die nuwe era wat Koers binnegegaan het, sal sy woordvoerders ook moet ligloop vir sommige nogal aantreklike oproepe om ons geloof in ons daad waar te maak. Sommige oproepe in hierdie verband sluit aan by Marxistiese en Neo-Marxistiese voorkeure vir die praktyk en die daad bo die teorie. Dit blyk egter verfynde vorms van werkheiligheid te wees. Daarom moet ons daarop wys dat die arbeider of die kritiese denker of die uitgeworpenes as messiasfigure vir die Marxisme en Neo-Marxisme optree. En vir die Christendom kan geen mens, ook nie die randfigure

van die samlewing of 'n paar oorwinterde intellektueles, die wereld red nie. Want ook hierdie messiasfigure moet eers gered word alvorens hulle die blye boodskap verder kan dra. Van nou af moet die Calvinisme toesien dat hy in sy logika en in sy sisteembou nie a-histories word en homself so buite spel plaas nie. Maar anders as die historisme of die relativisme of the pragmatisme of die materialisme sal Koers ook nie hierdie wereld die maatstaf van liefde en geregtigheid en vrede en vryheid maak nie.

Sonder moegword moet Marxistiese denkers daarop gewys word dat geeneen van hulle nog 'n oplossing vir die bekende weersprekende en onhistoriese stellings in hulle sisteem kon bied nie. Want as elke akademikus maar in opdrag van sy tyd dink en as die arbeiders of die intellektueles die bevryders van 'n ongelyke samelewing moet wees - waar kom so 'n opdrag dan vandaan? Wie bevry die bevryders as ons in 'n sogenaamde totale onvrue en onderdrukkende samelewing leef? Al wil Marxisme en Neo-Marxisme by uitstek as 'n soort "kritiese teorie" of 'n soort ontmaskering van ons bestaande orde optree, kan hulle nie hulle eie foute of hulle eie geloofsveronderstellings oopdek of selfs deurbreek nie.

Marxisme teer parasities op stryd en ongelykheid en revolusie. Om 'n revolusionere klimaat in Suid-Afrika te ontlont beteken nie om geweld met geweld te probeer uitroei nie. Om 'n Christelike alternatief en antwoord op wantoestande in hostelle en in die arbeidsmark te gee beteken om Marxisme en Neo-Marxisme in Suid-Afrika oorbodig en onvrugbaar te maak.

Opsommend gestel: alhoewel Koers 'n noemenswaardige bydrae gelewer het tot Christelike denke as 'n bolwerk, het Koers-artikels die geneigdheid tot 'n abstrakte bolwerk gerelativeer tot 'n praktykgerigte lewens- en wereldbeskouing. Maar hier dreig die gevaar van selfverlossing deur eie verkrampte of verligte of post-verligte werke. Ons praktiese aksieprogramme in politiek, onderwys, ekonomie en sport word tegelyk moontlik gemaak en deurkruis deur die verlossende genade van 'n God wat trou bly aan die mens. Dit maak ons vaart in hierdie lewe enersyds 'n "wankel ewewig tussen swart see en hoë lig" (N.P. van Wyk Louw), andersyds 'n avontuurlike deelname aan herstelde

verhoudings. Teenoor die gangbare horisontalisme van 'n Marxisme stel die Christen die eenheid van geloof en kultuur, geloof en politiek, geloof en wetenskap. Hy ly nie aan die materialis of die humanis of die Marxistiese hoogtevrees vir alles wat bo die mens en sy geskiedenis sou uitgaan nie. Want geloof en verlossing en genade is nie ekstra toevoegings tot die gewone lewe, tot die wetenskap en tot die politiek nie. Die hele lewe met sy geleerdheid, kuns, politiek en handel is juis genadegawes, vreugde en 'n dankbare geleentheid tot die aanpak van 'n roeping in God se wêreld.